NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbeleidenis

*ahv Job 38-41(met lied 519 en gebed)*

## AHV JOB 38-41 (MET LIED 519 EN GEBED)

**Lied 519**

1. Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Ek spreek en wind en golwe bedaar,
Ek sal ook jou getrou bewaar.

2. Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Ek ken jou pyn, jou donkerste nag.
Ek is by jou, Ek gee jou krag.

3. Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Kom bring na My jou kommer en vrees.
Ek sal vir jou 'n toevlug wees.

4. Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Bly waak en bid; volhard in geloof.
Ek is by jou soos Ek beloof.

**Gebed:**
*ahv Ps 104*

Here my God, U is baie groot,
U is beklee met koninklike luister,
2 U is met 'n kleed van lig omhul.
Dit is U wat die hemelkoepel
soos 'n tentdoek gespan
3 en vir U 'n woonplek ingerig
het oor die waters daarbo,
U wat op die wolke ry,
op die vleuels van die wind,
4 U wat die winde u boodskappers maak,
die weerligte u dienaars,
5 U wat die aarde stewig gevestig het,
sodat dit nooit sal wankel nie.

24 U het baie dinge geskep, Here,
die aarde is vol van wat U gemaak het,
en tog, U het alles in wysheid geskep.
34 Mag hierdie bepeinsinge van my
vir Hom aanneemlik wees!
Ek wil my in die Here verbly.
Amen

**Geloofsbelydenis:**

Ek glo in die God van Job...
die God wat die aarde se fondamente gelê het;
wat die aarde afgemeet het...

Ek glo in God wat die see opgedam het toe hy begin uitborrel het;
in God wat die die môre beveel om te kom;
wat lig oor die hele aarde bring...

Ek glo in God wat die sneeu bêre;
wat die die hael opgaar;
wat vir die stortreën 'n pad oopkap en vir die donderwolke hulle koers bepaal...

Ek glo in God wat die Sewester met 'n band vasknoop
en die band van Orion kan losmaak;
wat die sterre op hulle tyd laat opkom...

Ek glo in God wat weerligstrale uitstuur;
wat verstand gee aan die ibis om teen die vloed te waarsku;
in God wie insig gee aan die haan om die dag aan te kondig...

Ek glo in God wat die tyd bepaal wanneer die klipspringers lam;
wat hulle die draagtyd bepaal;
wat aan die wildedonkie sy vryheid gee
en hom ongebonde vry laat loop...

Ek glo in God wat Sy Seun Jesus vir ons gestuur het;
ek glo in die vergifnis van sonde en
ek glo in die Heilige Gees.